

# Katgeveg oor mannetjie laat haar toe met 'n gebreekte tand

**Hilda Fourie**

Hilda Fourie

Twee luiperdsusters van die Shayamanzi-wildplaas in Limpopo het oor 'n mannetjie baklei . . .

Toe misgis Zaza haar met sus Ziana en land met 'n gebreekte tand op 'n operasietafel by die Onderstepoort Veterinêre Akademiese Hospitaal.

Dié katterigheid kom volgens mnr. Jannie Parsons, eienaar van Shayamanzi, nou al 'n rukkie voor. Die twee raak sowat een keer 'n maand krapperig met mekaar.

“Gewoonlik skraap en grom hulle net vir mekaar. Hulle het nog nooit só erg baklei nie,” sê Parsons.

“Daar loop wilde luiperds om die kamp waarin die twee is. Vroue het mos allerhande streke. Die twee veg toe oor wie die mannetjie moet kry.

“Ziana het Zaza in die gesig gebyt en Zaza se tand gebreek. Nou hang Zaza se lip as sy blaas.”

Die 12-jarige Zaza en Parsons het gisteroggend vroeg in die pad geval van die Waterberg na die Universiteit van Pretoria se veeartsenykunde-fakulteit.

Dit was die eerste keer dat 'n luiperd in dié hospitaal behandel is. Zaza is verdoof en na die teater gebring, waar dr. Gerhard Steenkamp 'n wortelkanaalbehandeling gedoen het.

Volgens Steenkamp het Zaza 'n bytwond baie naby aan 'n senuwees wat veroorsaak dat die lip nie so lekker werk nie. Hy hoop die senuwee sal binne ses weke herstel.

Zaza is reeds gistermiddag na Shayamanzi teruggeneem.

Volgens Parsons sal Zaza en Ziana nooit in die natuur vrygelaat kan word nie. Hulle is wild, maar nie meer menssku nie, en dit kan probleme veroorsaak as hulle vrygelaat sou word.

**Onderskrif: Zaza, 'n luiperdwyfie van die Shayamanzi-wildplaas in Limpopo, is gister deur veeartse van die Universiteit van Pretoria se veeartsenykunde-fakulteit onder hande geneem nadat haar tand in 'n geveg gebreek het. Foto's: theana calitz**

**Onderskrif: Die gebreekte tand kan hier regs bo gesien word.**